The Buzz

# Liefde vir sang verander talentvolle tiener se lewe



Caitie Rock nadat sy by die South African Children and Youth Awards as jeugambassadeur aangewys is.

● CHRISTIAAN CLOETE

MEYERTON. - Sy het begin sing nadat dokters 'n lewensgevaarlike hart- en long defek by haar gediagnoseer het en daar gesê is dat sy vir haar eie veiligheid nooit weer aan sport sal kan deelneem nie.

Die singery het Caitie Rock toe so goed gedoen dat haar gesondheid as gevolg daarvan verbeter het.


Vandag kan sy nie alleenlik weer aan sport deelneem nie, sy is ook 'n kranige atleet en netbalspeler. Caitie is ook 'n suksesvolle sangeres, lid van die gewilde 4 Eva Young Band, aktrise, model en 'n ambassadeur vir die jeug. Sy glo dat Liewe Jesus haar 'n tweede kans gegee het, en dit is hoekom die bedrywige en talentvolle jongeling nie kan stilsit nie.

Caitie se verhaal is ‘n inspirasie vir kinders en wys waarom mens nooit moet opgee nie.

Caitie is op 16 Junie by die South African Children and Youth Awards by die Emperors Place Convention Centre, as 'n jeugambassadeur vir Suid-Afrika aangewys. Sy het ook 'n toekenning ontvang vir die liefdadigheidswerk waarby sy sedert 2021 betrokke is. Caitie het in 2018 by liefdadigheidsprojekte betrokke geraak, aanvanklik om fondse in te samel vir 'n vriendin wat met kanker gediagnoseer is. Sy het daarna voortgegaan met haar liefdadigheidswerk.

Caitie is ook gevra om tydens die South African Children and Youth Awards haar inspirerende lied “Carnival” te sing en het baie vriende gemaak met ander talentvolle jonges van regoor die land.

Dit sluit in ‘n 10-jarige platejoggie wat blind gebore is, die jongste internasionale modeontwerper en ‘n skoonheidskoningin wat ook vir Boland rugby speel.


Caitie Rock.


Harry Broersma se Rof is genomineer vir twee Afri-Indie toekennings.

# Twee Afri-Indie nominasies vir Vaal se Déjà vu

● GERDA BRUINETTE

VANDERBIJLPARK. – Harry Broersma en sy Déjà vu-band sing die wêreld aan die brand. Hul nuutste enkelsnit, Rof, word wyd op radiostasies gespeel, van OFM tot by Bok Radio en Ifm 102.2. Verlede week het Harry die goeie nuus ontvang dat hul finaliste is in twee kategorieë vir die SA Onafhanklike Kunstenaar Musiektoekennings (Afri-Indie), naamlik vir Beste Rock Enkelsnit en Beste Alternatiewe Enkelsnit. “Ek is oor die maan,” vertel Harry, wat naas sanger en liedjieskrywer ook apteker is. “Ons is regtig dankbaar vir elke geleentheid, en hierdie een is groot. Ek weet nie wie ons genomineer het nie, maar ons is dankbaar ons word raakgesien.” Harry sal ook eersdaags op Via TV se Klankbaan as gaskunstenaar optree. Die Afri-Indie toekennings vind Woensdag, 7 Augustus by die AfriForum Teater plaas. Déjà vu is nie die enigstes wat die Vaaldriehoek by die gala-aand gaan verteenwoordig nie. Ons eie Mirandi (naaswenner van Die Kontrak 3) gaan saam met Karin Hougaard, David Fourie en Rayne as ere gaskunstenaars optree.

Die enkelsnit, Rof, se video is te sien op YouTube onder @dejavuvevo413.

# Fotografieklub se trots


Renée Storme se “Pondering”.


Haig Fourie se wenfoto “Posing Katydid Nymph”.

**VANDERBIJLPARK. - Makro-fotografie was die maandtema van die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging se klubaand in Mei.**

**Hierdie kategorie is gewild onder fotograwe, maar vereis baie geduld om ‘n treffende foto te neem.**

**Die klub se fotograwe het egter gewys dat hulle weet hoe om makro-fotografie te doen. In die senior-afdeling (4, 5 Ster en hoër graderings) was die wenfoto “Posing Katydid Nymph” van Haig Fourie. Die foto was ook die algehele wenfoto van die maand.**

**In die junior-afdeling (1 - 3 Ster) was Madré Fourie se “Pollination” die wenfoto.**

**In die oop-afdeling waar enige foto vertoon ingeskryf kan word, was die kompetisie weer eens straf. In die senior-afdeling was Johan Joubert se “Springbok pronk” die wenfoto en in die junior-afdeling Pikkie Marais se “Pragtige pers”.**

**In die selfoon-afdeling was Renée Storme se “Pondering” die wenfoto in die senior-afdeling, terwyl Pikkie Marais weer die wenner in die junior-afdeling was met “Skaam dame”.**

**In die monochroom-afdeling (swart en wit) was dit weer Renée Storme wat in die senior-afdeling koning gekraai het met “Blocking the shooter”.**

**In die junior-afdeling was Madré Fourie se “Feather” die wenfoto.**

**Die aanlynkompetisie is deur Haig Fourie met “Goue spinnerak” gewen.**

**Tydens klubaande word konstruktiewe kommentaar op foto’s wat vertoon word, deur gekwalifiseerde foto-beoordelaars gelewer. Sodoende leer klublede meer oor wat van ‘n wen-foto verwag word.**

**Al die wenfoto’s kan op die klub se webtuiste www.vdbp-photo.org besigtig word. Interessante artikels word ook gereeld op hierdie webtuiste gedeel.**

**Al die foto’s is ook op die klub se Facebook-blad by https://www.facebook.com/VdbpPhotoClub te sien.**

**Alle belangstellendes word genooi om Johan Brits by 082 718 8394 of tsawa@yebo.co.za te kontak.**


Haig Fourie se “Goue spinnerak”.


Madré Fourie se “Pollination”.


Johan Joubert se “Springbok pronk”.